Waarom 9 September?

'n Vrou is normaalweg vir 9 maande swanger, dus is die simboliek van 9 baie belangrik.

FARR wil graag al die deelnemers en belanghebbendes wat hierdie dag en inisiatief gesteun het, bedank. Volgende jaar maak ons weer so!

Hierdie projek word moontlik gemaak met die befondsing van Scatec Solar Kalkbult (Pty) Ltd.

Vir enige navrae wat betref die projek in Renosterberg, kan die projekkoördineerder, Yolandé Posthumus, by 060 385 8277 gekontak word. U kan ook FARR se webtuiste by www.farrsa.org.za besoek, of na FARR se facebook blad gaan.



FARR neem die voortou in die geveg teen FASA

Die Stigting vir Alkoholverwante Navorsing (FARR – The Foundation for Alcohol Related Research) is sedert Januarie 2015 besig met die "My Gesonde Kind" projek in Renosterberg. As deel van hierdie projek word gemeenskapslede, gesondheidspersoneel, maatskaplike werkers en onderwysers opgelei om bewusmaking te bevorder en te help met die voorkoming van FASA (Fetale Alkohol Spektrum Afwyking) in hul gemeenskappe. Die herdenking van Internasionale Fetale Alkohol Spektrum Afwyking dag op 9 September vorm 'n groot deel van die bewusmakingskomponent van hierdie projek.

voorgeboortelike blootstelling aan alkohol – NIE noodwendig die misbruik daarvan – veroorsaak word. Fetale Alkoholsindroom (FAS), die ernstigste vorm van hierdie spektrum afwykings, veroorsaak permanente skade, onder andere verstandelike gestremdheid, aan die ongebore baba wat NIE omgekeer kan word nie!

Keurtjiekloof : Pretloop deelnemers

Agtergrond van Internasionale FASA dag

In die laat negentigs het 'n groep biologiese ouers en voogde in Kanada en Nieu-Seeland bymekaar gekom om te besluit op die beste manier om bewustheid te kweek en inligting te deel wat betref die hantering van kinders met FASA. Hulle was bekommerd oor die gebrek aan inligting rondom FASA. 'n Aanlyn ondersteuningsgroep is gevorm en dit het uiteindelik gelei na die totstandkoming van Internasionale FASA dag. Die eerste Internasionale FASA dag was op 9 September 1999 (09/09/1999) gehou en is ook in Suid-Afrika herdenk.

Vanjaar het FARR 'n pretloop in Philipstown, Petrusville en Keurtjieskloof gehou. Dit is voorafgegaan deur 'n kort bewusmakingsboodskap aan die deelnemers, gevolg deur een minuut stilte @ 09h08 om te dink aan dié wat geaffekteer word deur FASA asook hul primêre versorgers. Om 09h09 is die "stilte verbreek" deur die lui van enige klok/ke – skoolklokke, kerkklokke, handklokke – waardeur almal dan opgeroep word tot aksie. Daar is ook wit FAS-knope aan verskeie belanghebbendes in die drie dorpe uitgedeel om te dra op die 9de – ter ondersteuning van die FASA voorkomingsboodskap: "GEEN HOEVEELHEID ALKOHOL IS VEILIG GEDURENDE SWANGERSKAP NIE".

Fetale Alkohol Spektrum Afwyking (FASA) is 'n lewenslange, ongeneeslike toestand wat deur die